# AANSLAG TEEN CHRISTUS (DIE WOORD VAN DIE HERE)

Die aanslag teen die Woord van die HERE moet nie vir ons vreemd wees nie, nee, die duiwel en die valse leraars poog voortdurend om die Woord van die HERE te vernietig! Ons word reeds in die Evangelie van Mattheus gewaarsku, Matt. 24 vers 14 en 15:

**"En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom. Wanneer julle dan die gruwel van die verwoesting, waarvan gespreek is deur die profeet Daniël, sien staan in die heiligdom—laat hy wat lees, oplet"**

Maar wat is hierdie gruwel waarvan die profeet Daniël hier melding maak? En nou kom die antwoord tot ons, in Dan. 11 vers 32:

**"En die wat goddeloos handel teen die verbond, sal hy met vleiery afvallig maak, maar die volk wat hulle God ken, sal vashou en optree."**

Dit is hulle wat goddeloos handel teen die Verbond en wat hierdie Verbond betref, lees ons, in Jes. 42 vers 6:

**"Ek, die HERE, het U geroep in geregtigheid, en Ek vat u hand en behoed U en gee U as 'n verbond van die volk, as 'n lig van die nasies,"**

Jesus Christus, die Woord van die HERE is die Genadeverbond waarin die Hemelse Vader Sy uitverkore geslag met Hom herenig, soos Hy ons self, in Joh. 14 vers 6, te kenne gee en sê:

**"Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie."**

Die Heilige Gees oortuig elke begenadigde en uitverkorene dat die Bybel waarin die suiwere Leer van die Evangelie gegrondves is, die Woord van

die HERE is. Dit is die allernoodsaaklike Stryd waartoe die Kerk van Christus deur al die eeue opgeroep is. Die vyand is volkome bewus dat sou die Woord vernietig word, is dit die einde van die Christendom, die Kerk van Christus. Die Woord van die HERE is die Bron van Lewe, waaruit 'n ware Geloof deur die kragtige werking van die Heilige Gees ontspruit, volgens die getuienis, in Rom. 10 vers 17:

**"Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God."**

Saam met Calvyn getuig en bevestig ons ook: "Alleen die Heilige Gees oortuig elke uitverkorene dat die Bybel waarin die suiwere Leer van die Evangelie gegrondves is, is die onfeilbare Woord van die HERE, want, bevestig die woorde, in Eseg. 36 vers 27:

**"En Ek sal my Gees in jul binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen."**

Deur Sy Woord en die kragtige werking van die Heilige Gees in Sy Genadeverbond, roep Hy vir Hom 'n uitverkore geslag in aansyn, volgens die getuienis, in Ps. 33 vers 6:

**"Deur die Woord van die HERE is die hemele gemaak en deur die Gees van sy mond hulle hele leër."**

En sou ons hierdie uitverkore geslag in hierdie gevalle wêreld waarneem, sal daar 'n sigbare en hoorbare onderskeid wees tussen hulle wat vanuit die duisternis verlos is en die verlore geslag wat na eie goeddunke handel en wandel, want, lees ons, in Jes. 61 vers 9:

**"En hulle nageslag sal bekend word onder die nasies en hulle nakomelinge onder die volke; almal wat hulle sien, sal hulle daarvoor aansien dat hulle 'n geslag is wat die HERE geseën het."**

Hy is Alfa en die Omega, die begin en die einde van die Verlossing tot behoud van die uitverkore geslag, volgens die woorde, in Efes. 2 vers 8:

**“Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie.”**

En vervolg die Apostel ook verder, in 2 Kor. 3 vers 5:

**“Nie dat ons uit onsself bekwaam is om iets as uit onsself te bedink nie, maar ons bekwaamheid is uit God,”**

Nee, hierdie uitverkore geslag is juis ’n geslag wat vanweë hul onvermoë en hul onbekwaamheid in volkome afhanklikheid voortdurend biddend voor die Genadetroon verkeer, ja, soos ’n Simon Petrus, in Luk. 5 vers 8:

**“En toe Simon Petrus dit sien, val hy neer aan die knieë van Jesus en sê: Gaan weg van my, Here, want ek is ‘n sondige man!”**

En vervolg die Apostel Paulus ook, in Rom. 7 vers 18:

**“Want ek weet dat in my, dit wil sê in my vlees, niks goeds woon nie; want om te wil, is by my aanwesig, maar om goed te doen, dit vind ek nie.”**

En ook in vers 24 en 25:

**“Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood? Ek dank God deur Jesus Christus, onse Here!”**

Hierdie uitverkore geslag leef alleen vanuit die Krag van die Woord en Gees, daarom sal die onfeilbare Woord vir hulle die allernoodsaaklike Bron van hul Geloof wees en sal hulle alles en almal wat daarmee in stryd is openlik verwerp, volgens die waarskuwing, in 1 Joh. 4 vers 1 tot 3:

**“Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan. Hieraan ken julle die Gees van God: elke gees wat bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het, is uit God; en elke gees wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees**

**gekom het nie, is nie uit God nie; en dit is die gees van die Antichris waarvan julle gehoor het dat hy kom, en hy is nou al in die wêreld."**

Maar tog, wat sal die kenmerk van hierdie uitverkore geslag wees, hierdie geslag wat deur die Heilige Gees voortgelei word? Ons lees, in Jes. 66 vers 2 & 5:

**"Want my hand het al hierdie dinge gemaak, en so het dit alles ontstaan, spreek die HERE. Maar op hierdie een sal Ek let: op hom wat arm is en verslae van gees, en wat bewe vir my woord."**

**"Hoor die woord van die HERE, julle wat vir sy woord bewe!"**

Hierdie Verlossing vanuit die duisternis is die soewereine werk van God-Drie-Enig, daarom getuig die Apostel, in Kol. 1 vers 13 en 14, en hy sê:

**"Hy wat ons verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van sy liefde, in wie ons die verlossing het deur sy bloed, naamlik die vergifnis van die sondes."**

Daarom sal die Woord van die HERE vir elke verloregaande siel tot 'n oordeel wees, soos die woorde, in 2 Tim. 2 vers 11 en 12, ons ook te kenne gee:

**"Dit is 'n betroubare woord; want as ons met Hom gesterf het, sal ons ook met Hom lewe. As ons verdra, sal ons met Hom regeer. As ons Hom verloën, sal Hy ons ook verloën."**

Die HERE regeer alleen deur Sy onfeilbare Woord en Gees, dit sal sigbaar en hoorbaar wees in die Kerk waar Christus as Hoof heers en regeer. Die valse kerk verhef homself bo die Woord van die HERE en eien aan homself meer mag en gesag toe. Daarom hierdie uitdruklike waarskuwing, in 2 Thess. 2 vers 3 en 4:

**"Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is."**

Daarom is daar 'n duidelike opdrag tot die Strydende Kerk van Christus op hierdie aarde, ons lees, in 2 Tim. 4 vers 1 tot 5:

**"Ek besweer jou dan voor God en die Here Jesus Christus, wat die lewende en die dode sal oordeel by sy verskyning en sy koninkryk: verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering; want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels. Maar wees jy in alles nugter; ly verdrukking; doen die werk van 'n evangelis; vervul jou bediening."**

## DIE GETUIENIS VAN DIE HEILIGE GEES MUNT UIT BO ALLE REDENASIES.

Mense handel verkeerd wanneer hulle hul inspan om deur redenasie volle geloofwaardigheid aan die Skrif te heg. Al sou ek self nie tot groot bekwaamheid en welsprekendheid in staat wees nie, vertrou ek tog dat as ek die stryd sou moes aanknoop met sommige listige veragters van God, wat daarna strewe om in die ondermyning van die Skrif bekwaam en gevat te lyk, dit vir my geen moeite sou wees om hulle rumoerige uitsprake aan bande te lê nie. En as die inspanning om hulle bespotting te weerlê nuttig sou wees, sou ek sonder groot moeite hulle windmakerigheid wat hulle in hoekies fluister, verbrysel.

Maar as iemand nog die Heilige Woord van God van die belastering van die mens kan weerhou, sal hy nogtans nie dadelik die sekerheid wat die

godsvrug vereis, in hulle harte inprent nie. Omdat die onheiliges meen dat die Godsdiens slegs op indrukke steun, begeer hulle en dring daarop aan dat met die rede vir hulle bewys moet word dat Moses en die profete van Godsweë gespreek het om te voorkom dat hulle dwaas of ligsinnig in iets sou glo. Maar my antwoord daarop is: **"<u>Dat die getuienis van die Gees beter as alle rede is</u>!"**

<u>Want soos God alleen in Sy Woord 'n bekwame Getuie vir Homself is, sal die Woord geen geloofwaardigheid in die hart van die mens vind **voordat dit deur die innerlike getuienis van die Gees beseël word nie.** Gevolglik moet dieselfde Gees wat deur die mond van die profete gespreek het, getrou aan ons oorgedra het.</u>

Hierdie band word voortreflik deur Jesaja uitgedruk in die volgende woorde: (Jes. 59:21)

**"My Gees wat op jou is, en my woorde wat Ek in jou mond gelê het, sal uit jou mond nie wyk nie, en ook nie uit die mond van jou kroos en uit die mond van die kroos van jou kroos, sê die HERE, van nou af tot in ewigheid nie."**

Sommige vroom mense is gegrief daaroor dat daar nie 'n duidelike teenbewys ter hand is wanneer goddelose mense strafloos teen die Woord van God mors nie. Net asof die Gees nie juis dáárom 'n Seël en Pand genoem word om die geloof van godvrugtiges te versterk omdat hulle altyd in baie vertwyfelinge ronddobber totdat Hy hulle verstand verlig nie.

## <u>DIE SKRIF HET SY EIE GELOOFWAARDIGHEID</u>

Laat dit dus onwrikbaar vas bly staan dat mense vir wie die Heilige Gees in hulle binneste geleer het, volkome in die Skrif berusting vind dat die Skrif op sigself geloofwaardig is en dat dit ons nie geoorloof is om dit aan bewysvoering en redenasies te onderwerp nie. Tog verkry dit die sekerheid wat dit onder ons verdien, uit die getuienis van die Gees. Want ten spyte daarvan dat die Skrif vanself deur eie majesteit eerbied vir Homself bewerk, beïnvloed dit ons tog eers ernstig wanneer dit deur die Gees in ons hart beseël is.

As ons dus deur die Krag daarvan verlig is, glo ons nie meer in ons eie of ander se oordeel dat die Skrif Sy oorsprong in God het nie. Bo alle menslike oordeel besluit ons vas en seker asof ons die Godheid van God self daarin aanskou, dat die Skrif deur bemiddeling van mense juis uit die mond van God self na ons gekom het.

Dan soek ons nie na bewyse of waarskynlikhede waarop ons, ons oordeel kan grond nie, maar ons onderwerp ons eie oordeel en verstand asof dit ’n saak is wat bo die oordeel van toeval geleë is. Sommige mense gryp gewoonlik ’n onbekende saak aan, en wanneer hulle dit ondersoek het, kry hulle ’n afkeer daarin. Ons doen dit egter nie, omdat ons deeglik daarvan bewus is dat ons daarin aan die onaanvegbare Waarheid vashou.

En ook nie soos arme drommels wat gewoonlik hulle verstand in gevangenskap aan bygelowe oorgee nie, maar omdat ons ervaar dat die Krag van Sy Godheid ongetwyfeld daarin lewe en werk.

Gevolglik roep God met volle reg daartoe deur Jesaja uit dat die profete en die hele volk vir Hom ’n getuie is omdat hulle deur God se uitspraak so geleer is en ongetwyfeld vashou daaraan dat God sonder bedrog of dubbelsinnigheid gesprek het. Dit is ’n oortuiging wat nie redenasies nodig het nie. Dit is kennis waarby die hoogste rede hom neerlê, ’n kennis waarin die verstand met groter veiligheid en bestendigheid kan berus as in enige redenasie. Kortom, dit is ’n gevoel wat net uit lewendige openbaring kan ontstaan.

(CALVYN INSTITUSIE VAN DIE CHRISTELIKE GODSDIENS. 1:7:4 & 5)

## **AANSLAG TEEN DIE WOORD:**

Die Naam, ‘HERE’, word 6,823 keer in die N.A.V. weggelaat. In Ps. 110 vers 1, sien ons ook hoedat die Godheid van Christus in die ‘83 en 2020 vervalsings’ verloën word.

| **Psalm 110:1 Afr. 53** | **Psalm 110:1 Afr. 83** | **Psalm 110:1 Afr. 20** |
|---|---|---|
| [1] VAN Dawid. ‘n Psalm. Die HERE het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand, totdat Ek u vyande maak ‘n voetbank vir u voete. | [1] Van Dawid. ‘n Psalm. Die Here het vir my heer die koning gesê: “Kom sit aan my regterhand, en Ek sal jou vyande aan jou onderwerp.” | [1] Van Dawid. ‘n Psalm. Dit is die uitspraak van die Here vir my heer: “Sit aan my regterhand totdat Ek jou vyande ‘n voetbank vir jou voete maak.” |

In Ps. 45 vers 7 – 8, word die Godheid van Christus in die ‘83 en 2020 vervalsings’ verloën.

| **Psalms 45:7-8 AFR53** | **Psalms 45:7-8 AFR83** | **Psalms 45:7-8 AFR20** |
|---|---|---|
| [7] U troon, o God, is vir ewig en altyd; die septer van u koninkryk is ‘n regverdige septer. [8] U het geregtigheid lief en haat goddeloosheid. Daarom het, o God, u God U gesalf met vreugde-olie bo u metgeselle. | [7] U troon, verhewe wese, staan vir altyd vas, met u koninklike septer laat u geregtigheid geskied. [8] U het die reg lief en u haat die onreg, want, verhewe wese, onder groot vreugde het u God u bo u tydgenote tot koning gesalf. | [7] U troon, o goddelike wese, is vir altyd en altyd, die septer van u heerskappy is ‘n regverdige septer. [8] U het •geregtigheid lief en u haat goddeloosheid. Daarom, o goddelike wese, het u God u met olie van vreugde gesalf – meer as u |

Jesus Christus is van ewigheid tot in ewigheid, in die ‘83 en 2020 vervalsings’ word dit nie bevestig, so asof Sy begin in tyd bereken kan word, volgens die ‘83 en 2020 vervalsings.’

| Miga 5:1 AFR53 | Miga 5:1 AFR83 | Miga 5:1 AFR20 |
|---|---|---|
| [1] EN jy, Betlehem Éfrata, klein om te wees onder die geslagte van Juda, uit jou sal daar vir My uitgaan een wat 'n Heerser in Israel sal wees; en sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid. | [1] Maar jy, Betlehem-Efrata, jy is klein onder die families in Juda, maar uit jou sal daar iemand kom wat aan My behoort en hy sal in Israel regeer. Sy begin lê ver terug, in die gryse verlede! | [1] "Maar jy, Betlehem-Efrata, al is jy gering in die streke van Juda, uit jou sal daar vir My iemand kom om 'n heerser te wees in Israel. Sy oorsprong is uit die verre verlede, uit die dae van weleer." |

Jesus Christus het die gestalte van 'n mens aangeneem, behalwe die sonde. As Borg en Middelaar was Hy waarlik mens maar ook waarlik God tydens Sy omwandeling op hierdie aarde, volgens die onfeilbare Woord, in 1 Tim. 3 vers 16.

| I Timotheus 3:16 AFR53 | 1 Timotheus 3:16 AFR83 | 1 Timoteus 3:16 AFR20 |
|---|---|---|
| [16] En, onteenseglik, die verborgenheid van die godsaligheid is groot: God is geopenbaar in die vlees, is geregverdig in die Gees, het verskyn aan engele, is verkondig onder die heidene, is geglo in die wêreld, is opgeneem in heerlikheid. | [16] En dit staan bo alle teenspraak dat die geopenbaarde waarheid van ons godsdiens groot is: As mens het Jesus in die wêreld gekom, deur die Gees is bevestig dat die reg aan sy kant is, aan die engele het Hy verskyn; aan die heidennasies is Hy verkondig, in die hele wêreld is Hy geglo, en in heerlikheid is Hy opgeneem. | [16] En die geheimenis van die ware godvresendheid is sonder twyfel groot: Hy is geopenbaar in 'n menslike liggaam, regverdig bewys deur die Gees, gesien deur die engele, verkondig onder die nasies, geglo in die wêreld, opgeneem in heerlikheid. |

Jesus Christus is die Eniggebore Seun van God, nie deur die wil of toedoen van 'n mens nie, maar alleen deur die Heilige Gees. In Sy geregtigheid en na die soewereine uitverkiesing van die Vader, verwek God vir Hom verdere seuns en dogters alleen tot die eer en verheerliking van Sy Naam, volgens Joh. 1 vers 14, Joh. 3 vers 16, Joh. 6 vers 69 en Joh. 9 vers 35.

| **Johannes 1:14 AFR53** | **Johannes 1:14 AFR83** | **Johannes 1:14 AFR20** |
|---|---|---|
| [14] En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon — en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van <u>die Eniggeborene</u> wat van die Vader kom — vol van genade en waarheid. | [14] Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die <u>enigste Seun</u> van die Vader het, vol genade en waarheid. | [14] En die Woord het vlees geword en onder ons kom woon, en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos dié van <u>die unieke Seun</u> van die Vader – vol genade en waarheid. |

| **Johannes 3:16 AFR53** | **Johannes 3:16 AFR83** | **Johannes 3:16 AFR20** |
|---|---|---|
| [16] Want so lief het God die wêreld gehad, dat <u>Hy sy eniggebore Seun</u> gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. | [16] God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy <u>enigste Seun</u> gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê. | [16] Want so lief het God die wêreld gehad dat <u>Hy sy unieke Seun</u> gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê. |

| **Johannes 6:69 AFR53** | **Johannes 6:69 AFR83** | **Johannes 6:69 AFR20** |
|---|---|---|
| [69] En ons het geglo en erken dat U die Christus is, die Seun van die lewende God. | [69] En ons glo vas en ons weet dat U die Heilige van God is. | [69] En ons glo en weet dat U die Heilige van God is.” |

| **Johannes 9:35 AFR53** | **Johannes 9:35 AFR83** | **Johannes 9:35 AFR20** |
|---|---|---|
| [35] Jesus het gehoor dat hulle hom uitgeban het; en toe Hy hom kry, sê Hy vir hom: Glo jy in die Seun van God? | [35] Jesus het gehoor dat die Jode die man uitgeban het; en toe Hy hom kry, vra Hy vir hom: “Glo jy in die Seun van die mens?” | [35] Jesus het gehoor dat hulle hom uitgeban het, en toe Hy hom raakloop, het Hy gevra: “Glo jy in die Seun van die Mens?” |

In die ‘83 en 2020 vervalsings’, word die Drie-Eenheid openlik verloën, volgens 1 Joh. 5 vers 7 en 8.

| **I Johannes 5:7-8 AFR53** | **1 Johannes 5:7-8 AFR83** | **1 Johannes 5:7-8 AFR20** |
|---|---|---|
| [7] Want daar is drie wat getuig in die hemel: die Vader, die Woord en die Heilige Gees, en hierdie drie is een; [8] en daar is drie wat getuig op die aarde: die Gees en die water en die bloed, en die drie is eenstemmig. | [7] Daar is dus drie wat getuig: [8]die Gees en die water en die bloed, en die drie se getuienis stem ooreen. | [7] Want daar is drie wat getuig: [8] die Gees en die water en die bloed, en hierdie drie is dit eens. |

Die bittere lyding van die Here Jesus Christus as Borg en Middelaar, deurdat Hy Sy kosbare bloed tot vergifnis van die sonde gestort het, word ook misken, volgens Kol. 1 vers 14 en Ps. 22 vers 17, in die ‘83 en 2020 vervalsings.’

| Kolossense 1:14 AFR53 | Kolossense 1:14 AFR83 | Kolossense 1:14 AFR20 |
|---|---|---|
| [14] in wie ons die verlossing het deur sy bloed, naamlik die vergifnis van die sondes. | [14] Deur die Seun het ons die verlossing verkry, die vergewing van ons sondes. | [14] deur wie ons bevryding, die vergifnis van sondes ontvang het. |

| Ps. 22 : 17 AFR53 | Ps. 22 : 17 AFR83 | |
|---|---|---|
| [17] Want honde het my omsingel; ‘n bende kwaaddoeners het my omring; hulle het my hande en my voete deurgrawe. | [17] Soos honde omsingel hulle my, die bende misdadigers sak op my toe, hulle bind my hande en voete vas. | |

Geloof is ’n Gawe, volgens Efe. 2 vers 8 en 9:

**“Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie.”**

In die ‘83 en 2020 vervalsings’, ontspruit die Geloof en die sogenaamde goeie werke vanuit die ellendige mens, volgens Hab. 2 vers 4 en 1 Joh. 3 vers 7.

| Habakuk 2:4 AFR53 | Habakuk 2:4 AFR83 | Habakuk 2:4 AFR20 |
|---|---|---|
| [4] Kyk, sy siel is opgeblase in hom en nie reg nie. Maar die regverdige, deur sy geloof sal hy lewe. | [4] Dit is die boodskap: Wie nie reg gesind is nie, sal sy verdiende loon kry, maar wie reg doen, sal lewe omdat hy getrou bly. | [4] Kyk, hy wat nie opreg is nie, kwyn weg – maar die regverdige – deur sy betroubaarheid sal hy lewe. |

| I Johannes 3:7 AFR53 | 1 Johannes 3:7 AFR83 | 1 Johannes 3:7 AFR20 |
|---|---|---|
| [7] My kinders, laat niemand julle mislei nie: wie die geregtigheid doen, is regverdig soos Hy regverdig is. | [7] Liewe kinders, moenie dat iemand julle mislei nie: wie regverdig lewe, is regverdig soos Hy regverdig is; | [7] Kinders, laat niemand julle mislei nie: wie doen wat reg is, is regverdig, soos Hy regverdig is. |

Jesus Christus is die Rots, Hy is ’n Rotsvesting vir elke uitverkorene, indien Hy die huis nie bou tevergeefs bou die bouers. Hy is die Hoeksteen wat die bouers verwerp het. Ons lees, in 1 Kor. 10 vers 4:

**“en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit ‘n geestelike rots wat gevolg het, en die rots was Christus.”**

| Lukas 6:48 AFR53 | Lukas 6:48 AFR83 | Lukas 6:48 AFR20 |
|---|---|---|
| [48] Hy is soos ‘n man wat ‘n huis bou, wat gegrawe en diep ingegaan en die fondament op die rots gelê het; en toe die vloedwater kom en die stroom teen daardie huis losbreek, kon hy dit nie beweeg nie, omdat sy fondament op die rots was. | [48] Hy is soos 'n man wat by die bou van sy huis die grond diep uitgegrawe en die fondament op die rotsbodem gelê het. Toe daar 'n oorstroming kom en die vloedwater die huis tref, kon dit hom nie beweeg nie, want die huis was goed gebou. | [48] Hy is soos ‘n man wat besig was om ‘n huis te bou. Hy het gespit en diep gegrawe, en die fondament op die rots gelê. Toe daar ‘n oorstroming kom en die vloedwater die huis tref, kon dit die huis nie laat ineenstort nie, omdat dit goed gebou was. |

Die uitverkore geslag word in die mak Olyfboom ingeënt, dit wil sê in Jesus Christus, daarom bevestig ons Geloofsbelydenis dit ook met hierdie

woorde: “Ek glo in die Here Jesus Christus.” Almal wat in Hom ontslaap sal ook in Hom Lewe, volgens 2 Tim. 2 vers 11 en 12:

**“Dit is ‘n betroubare woord; want as ons met Hom gesterf het, sal ons ook met Hom lewe. As ons verdra, sal ons met Hom regeer. As ons Hom verloën, sal Hy ons ook verloën.”**

| **I Thessalonicense 4:13-14 AFR53** | **1 Thessalonicense 4:13-14 AFR83** | **1 Thessalonicense 4:13-14 AFR20** |
|---|---|---|
| [13] MAAR, broeders, ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees met betrekking tot die ontslapenes nie, sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie. [14] Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan sal God ook so die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring. | [13] Ons wil hê, broers, dat julle nie onkundig moet wees oor wat met die ontslapenes gaan gebeur nie. Dan sal julle ook nie treur nie, soos die ander mense wat geen hoop het nie. [14] Ons glo immers dat Jesus gesterwe maar ook opgestaan het. Net so glo ons ook dat God saam met Jesus die ontslapenes wat in Hom geglo het, na Hom toe sal neem. | [13] Broers, ons wil nie hê dat julle onkundig moet wees oor diegene wat ontslaap het nie, sodat julle nie treur soos die ander mense wat nie hoop het nie. [14] Want as ons glo dat Jesus gesterf het en opgestaan het – God sal ook so diegene wat gesterf het, deur Jesus met Hom saamneem. |

Die maagdelike geboorte van die Here Jesus Christus word ook in die ‘83 en 2020 vervalsings’, ontken, volgens Jes. 7 vers 14:

| **Jesaja 7:14 AFR53** | **Jesaja 7:14 AFR83** | **Jesaja 7:14 AFR20** |
|---|---|---|
| [14] Daarom sal die HERE self aan julle ‘n teken gee: Kyk, die maagd sal swanger word en ‘n seun baar | [14] Die Here sal daarom self vir julle 'n teken gee: 'n Jong vrou sal swanger word en 'n seun in die wêreld | [14] Daarom sal my Heer self vir julle ‘n teken gee: Kyk, die jong vrou is swanger, en gaan ‘n seun in die |

| | | |
|---|---|---|
| en hom Immànuel noem. | bring en sy sal hom Immanuel noem. | wêreld bring. Sy sal hom Immanuel noem. |

En daar is nog vele meer voorbeelde.

Wie het meegewerk aan hierdie vervalsing en gesamentlike bybel wat vir alle sogenaamde kerke aanvaarbaar sal wees, 'n Bybel wat die Godheid van Christus en die Drie-Eenheid verloën, sowel as om die volkome geregtigheid van die Here Jesus Christus waarin en waardeur 'n uitverkore geslag alleen regverdig verklaar word, te minag? Hier is die medewerkers van die 2020 vervalsing, soos dit ook daarin vermeld word:

**Die Kerklike Advieskomitee: Die Bybel in Afrikaans (KABA)**

Die Kerklike Advieskomitee word saamgestel uit die volgende instansies: Afrikaanssprekende kerke in Namibië (waarnemers); Afrikaanse Protestantse Kerk (APK); Anglikaanse Kerk (AGSA); Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika (AGS); Bybelgenootskap van Namibië (BGN waarnemers); Calvyn Protestantse Kerk (CPK); Christelike Gereformeerde Kerk [CGK(SA)]; Die Baptiste-Unie (BUSA) en Afrikaanse Baptiste-Kerk (ABK); Die Rynse Kerk (RKSA); Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika (EGKSA); Evangelies-Lutherse Kerk in Suidelike Afrika (ELKSA); Free Evangelical Lutheran Synod in Southern Africa (FELSiSA/VELSISA); Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA); Katolieke Kerk (KK); Lede in Christus Kerk (LCK); Metodiste Kerk (MCSA); Morawiese Kerk in Suid-Afrika (MKSA); Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK); Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA); Pinkster Protestantse Kerk (PPK); Sewendedag-Adventiste Kerk (SDA); United Congregational Church of Southern Africa (UPCSA); Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (VGKSA/URCSA); Volkskerk van Afrika (VKA); Volle Evangelie Kerk van God in Suidelike Afrika (VEK); Vrye Gereformeerde Kerk (VGKSA).

## JY HET GEWEET / DIE LEWE IS MAAR NET 'N PAAR HANDBREETES.

### Vraag 1. Hoekom moet ons Bybel lees?

Joh. 16:13-14
(13) Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei; want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig.
(14) Hy sal My verheerlik, omdat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig.

Ps. 119:105
(105) Noen. U woord is ‘n lamp vir my voet en ‘n lig vir my pad.

Rom. 10:17
(17) Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God.

2Tim. 3:16
(16) Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid,

Spr. 30:5
(5) Elke woord van God is gelouter; Hy is ‘n skild vir die wat by Hom skuil.

**Vraag 2. Waarom die Bybel en nie ‘n vervalsing nie?**

Ps. 119:89
(89) Lamed. Vir ewig, o HERE, staan u woord vas in die hemele.

Rom. 10:17
(17) Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God.

Jer. 17:5
(5) So sê die HERE: Vervloek is die man wat op die mens vertrou en vlees sy arm maak, terwyl sy hart van die HERE afwyk.

1 Kor. 2:5
(5) sodat julle geloof nie in wysheid van mense sou bestaan nie, maar in die krag van God.

Spr. 3:5
(5) Vertrou op die HERE met jou hele hart en steun nie op jou eie insig nie.

Mat. 4:4
(4) Maar Hy antwoord en sê: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan.

Joh. 17:17
(17) Heilig hulle in u waarheid; u woord is die waarheid.

Jos. 1:8
(8) Hierdie wetboek mag nie uit jou mond wyk nie; maar bepeins dit dag en nag, sodat jy nougeset kan handel volgens alles wat daarin geskrywe staan; want dan sal jy in jou weë voorspoedig wees, en dan sal jy met goeie gevolg handel.

2 Tim. 3:16
(16) Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid,

Heb. 4:12
(12) Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is ‘n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart.

1 Pet. 2:2
(2) en verlang sterk soos pasgebore kindertjies na die onvervalste melk van die woord, dat julle daardeur kan opgroei,

1 Pet. 1:25
(25) maar die woord van die Here bly tot in ewigheid. En dit is die woord wat aan julle verkondig is.

Ps. 119:89
(89) Lamed. Vir ewig, o HERE, staan u woord vas in die hemele.

Joh. 8:51
(51) Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as iemand my woord bewaar, sal hy die dood in der ewigheid nie sien nie.

Open. 22:18-19
(18) Want ek betuig aan elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boek hoor: As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plae byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is.
(19) En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is.

Jes. 40:8
(8) Die gras verdor, die blom verwelk; maar die woord van onse God hou stand in ewigheid.

**Vraag 3. Waarom word die Woord van GOD verdraai?**

Spr. 30:6
(6) Voeg by sy woorde niks by nie, sodat Hy van jou nie rekenskap vorder en jy as ‘n leuenaar openbaar word nie.

2 Thes. 2:3-4
(3) Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf
(4) die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is.

Joh. 17:13-14
(13) Maar nou kom Ek na U toe; en Ek spreek hierdie dinge in die wêreld, sodat hulle my blydskap volkome in hulle kan hê.
(14) Ek het hulle u woord gegee, en die wêreld het hulle gehaat, omdat hulle nie van die wêreld is nie, net soos Ek nie van die wêreld is nie.

Deut. 4:2
(2) Julle mag by die woord wat ek julle beveel, niks byvoeg nie, en julle mag daar niks van weglaat nie; sodat julle die gebooie van die HERE julle God mag onderhou, wat ek julle beveel.

## Daarom, deur die Genade, bely ons:

Alleen deur die kragtige werking van die Heilige Gees, glo en bevestig ons as Oud-Gereformeerde kerk die aller-volmaaktheid van die Woord van die HERE, soos die woorde, in 2 Tim. 2 vers 11 en 12, ons ook te kenne gee:

**"Dit is 'n betroubare woord; want as ons met Hom gesterf het, sal ons ook met Hom lewe. As ons verdra, sal ons met Hom regeer. As ons Hom verloën, sal Hy ons ook verloën."**

Daarom kan ons alleen deur die kragtige werking van die Heilige Gees, glo en bely dat die Bybel wat in 1933, in ons eie taal aan ons toevertrou is, die Heilige, onfeilbare Woord van die HERE is, volgens die getuienis, in 2 Petr. 1 vers 19 tot 21:

**"En ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op 'n lamp wat in 'n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in julle harte; terwyl julle veral dít moet weet, dat geen profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging is nie; want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek."**

Alleen deur die kragtige werking van die Heilige Gees, glo en bevestig ons ook die ontwyfelbare getuienis, in Ps. 119 vers 160:

**"Die hele inhoud van u woord is waarheid,"**

Deur die Genade glo ons, daarom verwerp ons die 1983, die 2020 en alle geskrifte wat die dwaalleer van eiegeregtigheid verkondig en die Godheid en volkome geregtigheid van Jesus Christus as ons enigste Borg en Middelaar verloën. Die allernoodsaaklike Stryd waartoe die Kerk van Christus, in 1 Kor. 16 vers 22, opgeroep word:

**"As iemand die Here Jesus Christus nie liefhet nie, laat hom 'n vervloeking wees! Maranáta!"**

AMEN, so getuig ons as begenadigdes in die Kerk van Christus:

AMEN, ja amen.